# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
2DE TERMYN 1984


*A.H.M. Erekleuredag:*

# 'n Triomf vir Akademie!

IN die 64 bestaansjare van Afrikaans Hoër Meisies is sy deur veral een ding gekenmerk: haar uitstekende akademiese resultate. Daar is weinig of min skole wat Affies se akademiese prestasies kan ewenaar.



*Die goue medaljewenners saam met mej. Holtzhausen v.l.n.r.: Jacomien de Villiers, Rheta de Klerk, Christa Krüger, Lynette Ellis, mej. H.A. Holtzhausen, Sigrid Jahn, Illse Hesse ('n silwer medaljewenner wat ongeveer 'n maand nadat dié foto geneem is so tragies van ons weggeneem is. Innige simpatie aan familie — Red.), Annalette Mülder, Martelle Preller en Louiza v.d. Walt.*

Ons geleentheidspreker was die Direkteur van Onderwys, prof. Jooste.


Hy het die nege goue medaljes aan 1983 se top matriekkandidate oorhandig. Christa Krüger, (ons hoofmeisie van 1983), Rheta de Klerk en Louisa van der Walt het elk sewe onderskeidings behaal. Sewe leerlinge het met 6 onderskeidings elk geslaag. Sulke uitslae behaal 'n mens nie maklik nie. Sy vrou, mev. Magrietjie Jooste het die silwer medaljes aan leerlinge met vier en vyf onderskeidings oorhandig. Toekennings is gegee aan meisies met buitengewone prestasie op kulturele, sport- en akademiese gebied. Die Beryl Jubber-prys wat aan die beste presteerder in Noord-Sotho, in matriek, toegeken word, is deur Hetta Wolmarans ontvang. Die Wagner-Biologie-Stipendium is toegeken aan Christa Krüger.

Ds. Henno Cronje het die verrigtinge met bedankings afgesluit en na 'n luidrugtige "Affies dra die blou", het almal gaan vakansie hou.

Die eerste termyn is weer eens glorieryk afgesluit met 'n erekleuredag soos min! Blomme was orals te sien en die buitestaanders moes saamstem: dit het alles feestelik vertoon. Almal het gehelp om dié glansryke geleentheid sonder haakplek te laat verloop. Meisies wat hul uiterste bes gedurende 1983 gelewer het, is vir hulle harde werk beloon. As dit nie 'n skitterende goue- of silwermedalje was nie, dan was dit 'n erekleurebalkie waarmee hulle weggestap het.

Met die aanvang van die geleentheid het mej. Holtzhausen ons leerkragte onder orrelbegeleiding die saal ingelei. 'n Akademiese optog soos min, geklee met hul togas. Ds. Beetge het geopen met skriflesing en gebed. Ons spogkoor het onder leiding van mev. Kruger met 'n verwelkomingslied almal welkom geheet. Die hoof was op haar stukke en het die gehoor in die holte van haar hand gehad. Meer as een maal het die hele saal geskater van die lag.

# R40 000 vir AHS!



*Mnr. Wim Thuynsma se mikpunt was 'n ware kolskoot!*

# A.H.S. KERMIS IS 'N REUSE SUKSES!

**DIE Afrikaanse Hoër Seunskool het op 25 - 26 Mei 1984 hulle vyfjaarlikse kermis gehou. Feestelikhede en 'n magdom mense was een van die kenmerke van hierdie suksespoging.**

**Voorbereidings:**

Reeds vroeg in die termyn was daar 'n woeling onder al die Affiemanne te bespeur. Hierdie termyn sou daar kermis gehou word en voorbereidings sou so spoedig moontlik getref moes word. 'n Kermiskomitee is in die lewe geroep met mnr. Thuynsma aan die hoof. 'n Mikpunt van R30 000 is voor oë gestel.

**Pogings:**

Die hele tweede termyn is deur klaspogings gekenmerk om geld in te samel vir die kermis. Hierdie pogings het op kompeterende vlak plaasgevind en die wenner, st. 9D, het dan ook 'n naweekuitstappie na enige plek op die skool se onkoste ontvang. Die klaspogings het gevarieer van spookasem tot 'n baie suksesvolle BMX-kompetisie. Met die klaspogings alleen is 'n bedrag van ongeveer R30 000 ingesamel wat voorwaar 'n puik poging van die Affiemanne se kant af is. Ook is daar 'n beroep gedoen op leerlinge om verskeie artikels te bring wat dan ook by die klaspogings ingereken is.

**Sukses:**

Oor die algemeen beskou, was die kermispoging 'n groot sukses gewees. Die beoogde R30 000 is oortref en 'n pragtige bedrag van R40 000 is ingesamel. Die kermis dan ook gekenmerk deur die groot aantal mense wat dié kermis kom ondersteun het. Die heerlike braaivleis wat gehou is, was dan ook een van die groot trekpleisters tydens die 1984 kermis.

**Werk:**

Die Donderdag voor die kermis het die dinge reeds mooi begin vorm aanneem. Daar is gewerfskaf van die oggend af tot die aand laat. Elke Affieman het sy deel bygedra om die nodige stalletjies en apparaat in orde te kry vir die groot dag. Die Vrydag is die nodige afrondingswerk gedoen en van skoolgaan was daar baie min sprake. Twee-uur die middag het die kermis amptelik begin en elke Affie kan hom begin verlustig aan die lekker eetgoed.

**Aanwending van geld:**

Met die pragtige bedrag van R40 000 wat ingesamel is, word 'n paar dinge beoog:

(i) 'n Atletiekbaan en -apparaat
(ii) Kleedkamers- en opknapping van bestaande geriewe
(iii) Oudiovisuele apparaat om onderrig te verbeter en
(iv) 'n Bedieningslokaal.

Nog 'n paar projekte sal geloods word om ook die skool in sy geheel meer modern te maak.


**Bedankings:**

Graag wil ons almal bedank vir hulle belangstelling, samewerking, en ondersteuning wat ook die poging 'n sukses gemaak het.

## LEES BINNE


| | Bls. |
|---|---|
| Oud-Affies van die termyn | 2 |
| Waar 'n rokie is, is 'n vuurtjie | 4 |
| Some American impression of S.A. Life | 4 |
| Nico de Lange — Comradespresteerder | 10 |
| Matriek '84 | 4 |

# REDAKSIONEEL




## *REDAKSIE 1984*

Leanda de Jager — *Redaktrise*
Marna Steyn — *Sub-redaktrise*
Elsa Oosthuizen — *Kultuur*
Mimi Schuman — *Kultuur*
Ilse du Preez — *Algemeen*
Meleny Cunniff — *Algemeen, foto's*
Michelle Chidrawi — *Sport*
Louise Earle — *Advertensies*
Annari Harley — *Sport*
Ute Robbertze — *Sport*
Nicolette Rose-Innes — *Sport*
Marlise de Vos — *Algemeen*
Karen Steyn — *Advertensies, foto's*
Lorinda Botha — *Advertensies*
Melissa Cronje — *Algemeen*
Santa van der Merwe — *Kultuur*

**Redakteur: A. Manser**
**Sub-redakteur: P. Herman**
**Kultuur: P. Swart**
**M. Myburgh**
**G. Rautenbach**
**Sport: S. Botha**
**P. de Wet**
**L. Hamman**
**Fotografie: A. Erasmus**
**N. Ferreira**
**Advertensies: F. Barnard**
**Algemeen: J. Venter**
**S. de Beer**

## BRIEWE

### Fotoblad

*Geagte Redaksie*
*Dit is weer eens bewys. 'Affies kan nie net rugby speel, koor sing en akademies presteer nie, maar kwyt hom ewe goed aan sy taak met die uitgee van 'n skoolkoerant.*
*Die STROOM-OP uitgawe van die eerste termyn 1984, was voorwaar een van die bestes die afgelope dekade. My Affie-hart klop warm en ek is trots om my met so 'n koerant te kan vereenselwig.*
*Persoonlik dink ek die nuwe fotoblad met byskrifte skep 'n baie beter beeld. Die redaksie is oorspronklik met sy gepaste byskrifte. Die "oud-Affie van die termyn" berig vervul 'n besonderse plek in die koerant. Die standaard van beriggewing is goed en dit is lekker om die koerant te lees.*
*Julle verrig 'n puik diens om Affies se beeld na buite te versterk. Gaan daarmee voort. Ons sien uit na toekomstige uitgawes en vertrou die gehalte sal net verbeter.*
*STROOM-OP leser*

### Oorspronklikheid

*Geagte Redaksie*
*My skrywe aan u is nie om STROOM-OP te veroordeel of af te kraak nie, maar eerder om daarvan 'n beter koerant te maak. Ek wil egter die volgende sake onder u aandag bring.*
*Die berigte is langdradig, uitgerek en eentonig. Kan daar nie meer samevattend geskryf word nie. 'n Bietjie humor of oorspronklike inisiatief sal net die ding doen. Ek vind dat die foto's altyd betrekking het op sekere mense. Kan die fotograwe nie bietjie meer aktiwiteite bywoon en 'n wyer veld dek nie? Ons is al moeg vir dieselfde gesigte. Wat die grappe aanbetref — selfs Huisgenootjies sal dit afkeer.*
*Miskien stimuleer hierdie paar woorde beter beriggewing en bydraes vir toekomstige uitgawes. Ons leuse is tog immers: "Laat daar lig wees."*
*Sterkte met wat mag kom en baie dankie vir dié wat van Stroom-op 'n sukses wil maak.*
*Zollie*

### KERMISPOGING

*Geagte Redaksie*
*Ek wil graag mnr. Roesch, die personeel, leerlinge en almal betrokke met Affies se 1984 kermispoging van harte gelukwens — dit was 'n reuse sukses! Ons kyk met vertroue en trots vorentoe en wens die St. 9-leerlinge alle sukses toe met die komende jaar.*

*N.S.*
*Geen politieke of persoonlike briewe sal geplaas word nie.* **— Red.**

### Skeppingskuns!

*Geagte Redaksie*
*Afrikaans Hoër is bekend as 'n presteerskool op sport — sowel as akademiese gebied. Op feitlik alle terreine is Affies besig om hulself te ontwikkel, behalwe oënskynlik op die skeppingsgebied. Dit is hartseer dat 'n skool met soveel ondernemingsgees so min aktiewe skeppende kunstenaars stimuleer — hetsy skrywers, digters, skilders of beeldhouers.*
*'n Sterk kunsbeweging kan wondere aan 'n skool se beeld verrig. Hoe lyk dit met 'n bietjie koppe bymekaarsit Affies!*

*N.S. Geen politieke of persoonlike briewe sal geplaas word nie — RED.*

## *Die Paasseëlskild word Affies s'n*

WEER het die Affies daarin geslaag om verlede jaar die Paasseëlskild vir die 7de agtereenvolgende jaar te verower en dit hulle eie te maak.

Die Paasseëlskild het hierdie jaar 'n ietwat ander vorm aangeneem. Die ou Paasseëlskild wat reeds sewe jaar in gebruik was, is permanent aan die Seunskool geskenk. 'n Kleiner weergawe is dan tergelykertyd aan die skool oorhandig omrede hierdie pragtige nuwe skuld reeds verlede jaar verower is.

Die oorhandiging is deur 'n verteenwoordiger van die Paasseëlveldtog aan mnr. Van Huysteen gedoen wat aan hoof van hierdie insamelsveldtog gestaan het.

Die is verblydend om te sien dat die Seunskool ook op hierdie wyse hulle deel aan die kreupeles bydra om beter fasiliteite vir hulle te skep.

## Oud-Affie van die termyn:

# PROF. DR. G.J. POTGIETER



*Prof. Dr. G.J. Potgieter*

Lewenskets:
**GERT JOHANNES POTGIETER is op 27 Augustus 1903 op die plaas Hartebeesfontein, distrik Krugersdorp, gebore. Hy is die jongste seun van 'n gesin van vyf seuns en vyf dogters. Hy is met Magdalena Anna de Villiers de Kock getroud en uit die huwelik is twee dogters gebore.**

Prof. Potgieter het sy hoërskoolloopbaan aan die vroeëre Hogere Oosteindschool, Pretoria, in 1923 voltooi. Hy het later hoof van hierdie skool geword — vandag bekend as die Afrikaanse Hoër Seunskool. Sy professionele opleiding, o.a. die O.2 (in die eersteklas), het hy aan die Pretoriase Onderwyskollege in 1927 ontvang. Hy het tegelyk met laasgenoemde die graad B.A. aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf. In 1937 kry hy die graad M.Ed. met 'n verhandeling getitel: **Die godsdienstige voorstelling van die kleuter** (Univ. van S.A.); in 1949 verwerf hy die graad D.Ed. met 'n dissertasie getitel: **Standaardisering van Stilleestoetse vir st. VIII-X** (P.U. vir C.H.O.).

**Opvoeder-onderwysdeskundige**

Naas akademikus is prof. Potgieter ook opvoeder-onderwysdeskundige, administrateur en leier. Na $4^3/_4$ jaar diens as assistent het hy reeds hoof geword van 'n laerskool. In dié hoedanigheid dien hy verskeie laerskole en daarna ook twee hoërskole, o.a. die Afrikaanse Hoër Seunskool, waar hy 17 jaar lank hoof was. Hierna, in 1964, word hy Rektor van die Pretoriase Onderwyskollege.

Sy aangebore leierseienskappe het hom steeds aktief gemaak in onderwys- en ander aangeleenthede. Hiervan getuig die sowat dertig liggame en verenigings op wie se komitees hy meestal voorsitter of ondervoorsitter was. Hy was bv. jare lank voorsitter van die T.O. (1958-1962; 1964-1968); hy het ook tydens drie tydperke op die Raad van Advies insake Onderwys gedien en was sewe jaar lank op die dagbestuur daarvan; hy was voorsitter van die Federale Raad van Onderwysersverenigings (1958-1961) asook president van die N.T.R.U.; lid van die Padveiligheidsraad.

**Kampvegter**

Prof. Potgieter het as opvoeder en gelowige altyd die hoogste norme vir die onderwys gehuldig. Hy was gedurig 'n kampvegter vir die regte en status van die onderwyser, en het hom steeds met vasberadenheid op die pad van die Christelike en Nasionale lewensbeskouing gehou.

Van die mees hoogstaande hoedanighede van prof. Potgieter is die feit dat hy uitermate begenadig is met grootgeestigheid en met die vermoë om gesonde menslike verhoudings te skep. In krisissituasies het hy as die gebore diplomaat en leier te voorskyn getree. Hy het die lofwaardige vermoë om andere altyd met kalmte van gemoed en selfvertroue te beïnvloed. Hy geniet daarom steeds die hoë agting van sowel dosent as student. Hulle het ook altyd geweet waarheen hy wil . . . Ten grondslag van al hierdie arbeid, veral dié aan die jeug van sy volk, vind ons 'n selfloosheid wat selde by ander aangetref word. By hom bestaan daar nooit die gedagte aan eie gewin nie. Hierdie arbeid het ook uiting gevind in gepubliseerde werke: hy het nl. ses boeke geskrywe, ook talle pamflette en artikels. Ons ken hom derhalwe ook as iemand wat goed onderlê is in die Pedagogiek. By al sy buitengewoon veelsydige aktiwiteite het hy ook student gebly: sy voorbeeld, nl. dat hy hom altyd beskou as wordende, nooit as 'n geworde mens nie, het steeds ander geïnspireer.

**Erepenning**

Die Pretoriase Onderwyskollege ken dan ook 'n erepenning aan prof. Potgieter toe by sy aftrede na $44^3/_4$ jaar se selflose diens aan die onderwys.

**Leuse**


Aan die Afrikaanse Hoër Seunskool is sy leuse: Hy wat die beste maak van vandag, hoef nooit te treur oor gister of bang te wees vir more nie.

Sukses hang nie soseer af van wát 'n mens besit nie, maar van wat 'n mens maak met dít wat jy het.

Die Afrikaanse Hoër Seunskool wil prof. dr. Potgieter en sy eggenote God's rykste seën toebid vir die toekoms.

## *Oud-Affies:*

# ELMA SWANEPOEL en THERESA PRINSLOO



ELMA SWANEPOEL en Theresa Prinsloo is beide oud-Affies. Elma Swanepoel is tans een van ons baie bekwame musiekonderwyseresse en is ook baie doening as begeleidster van ons koor. Hulle het reeds in 1973 begin saamspeel as duopianiste en het klavieronderrig ontvang van Philip Levy by U.P. Hy is tans verbonde aan die musiekfakulteit van die Universiteit van Stellenbosch.

Beide het tydens hul 4 jaar op UP elke jaar die gesogte Pretorium Trust-beurs vir Uitvoerende kunste gewen en ook as soliste saam met o.a. die Johannesburgse Simfonie orkes opgetree.

Hulle maak in 1982 hul debuut as die pianiste met 'n konsert in die Musaion in Pretoria. Hierop volg hulle konserte o.a. in Pretoria en Carletonville. Tans ontvang hulle meesterklasse van Dr. Liese Rudolph (OOK 'N OUD-AFFIE). Graag wens ons hulle sterkte toe in hul reeds belowende musiek loopbane.

# KERMIS KRAAI KONING



*'n Getroue wag op sy pos*

**Vooraf:**
KONTANTBYDRAES beloop ongeveer dertig duisend rand.

Geborgde tafeltennistoernooie is gehou, 'n BMX-aand wat oor die R1 000 ingebring het is van stapel gestuur. Tot grote Henry Kelbrick, eerste span stut, se gewig moes geraai word, maar die kersie op die koek was toe st. 10B die Meisieskool se drie hoofmeisies ontvoer het, en nog boonop 'n losprys van R80,00 ontvang het. Etekaartjies is ook te koop aangebied.

**25 Mei** — 'n Geskiedkundige dag — dis Kermis 1984. **Stalletjies was daar baie** — van koek tot orgidieë, spookasem tot kettieskiet, grimering tot 'n sokkiejol stalletjie. Mnr. Spookasem Swan het ook te "koddig" in sy wit uniform gelyk. Teen die aand se kant was daar slegs die een verrigting waarna almal uitgesien het, nl. 'n Affie-ete. Die aand is op 'n vreedsame wyse afgesluit terwyl ons almal vreetsaam dikker vriende geword het. Ongeveer R9 000 rand is op die aand in kontant ontvang.

**Prioriteite**
1. Verbeterings aan die kleedkamergeriewe onder die hoofpawiljoen.
2. 'n Snoepie word op die oop pawiljoen beoog.
3. Die beligting van een tennisbaan.
4. Opvoedkundige hulpmiddels binne skoolverband.

Die kermis van '84 was 'n reuse sukses danksy 'n positiewe benadering en 'n ware Affie-spanpoging.

## Top St. 9-Gees

DIE St. 9's se gees is puik vanjaar. Daar heers 'n baie goeie samehorigheid tussen ons meisies. Elke klas hou een dag van die week 'n verkoping; sjokalade, vetkoeke en/of karamel horinkies. Verder was daar groot opwinding met die Moedersdag-verkoping. Ons het dae lank beraadslaag oor wat om te maak en hoe om dit te maak. Daar was o.a. bedsokkies, kaartjies, alle vorms van eetgoed, hangers en versierinkies. Almal het hulle daaraan verwonder. Al die items is verkoop ten bate van die matriek-afskeid. Verder beplan ons om nog 'n Vadersdag-verkope ook te hou.

St. 9's dit is puik — hou dit so!!

*Marlise de Vos — 9B*

*Koshuisafskeid:*
## TRADISIE IS VERBREEK

By Affies is daar 'n woord wat baie gou by almal tuis gebring word, nl. "tradisie", wat ook 'n uitstaande kenmerk van die skool is.

Met groot hartseer en ongelukkigheid moes die koshuis se matriekmanne hoor dat die tradisionele koshuisafskeid afgestel is. Vir enige man om vyf jaar deel te hê aan 'n plek soos Huis Frank le Roux is dit 'n groot oomblik die dag as daar afskeid geneem word. Daar word in 'n noue vriendekring, wat enig in sy soort is, afskeid geneem van vriende met wie jy vyf jaar saam geleef het. Dit is vir jou as matrikulant iets besonders en waarna al jare uitgesien word.

Dit is voorwaar 'n groot teleurstelling vir elke koshuismatrikulant dat so 'n pragtige tradisie tot 'n einde gekom het! Is dit tog nie iets wat een van die grootste tradisies van die skool behoort te wees nie?

### Alle Fliekflooie:

Lug jou mening oor 'n rolprent wat jy gesien het en wat steeds draai! Lok reaksie uit met 'n standpunt t.o.v. 'n rolprent, bv. "Footloose". Stel nuwe video's aan ons bekend. Gebruik jou verbeelding en skok die skool dalk met 'n riller.

*femina*
# Die Matriek Franse leerlinge hou 'n Modeparade

"WAT doen 'n mens as jy geld wil insamel vir die Franse klub?" Die antwoord: "Jy hou 'n modeparade, natuurlik!" En was dit 'n unieke gebeurtenis in Affies! Een waarop die Franse matrieks baie trots kan voel.

Reeds gedurende die Aprilvakansie is daar volstoom met reëlings begin: Van die matrieks moes firmas gaan sien i.v.m. die druk van kaartjies en programme, die huur van 'n loopplank, ens. Vir die klere wat vertoon sou word, is Ivette Krüger ('n oud Affie en nou 'n mode-ontwerpster) en Foschini's geraadpleeg.

'n Modeparade sal natuurlik nie 'n modeparade wees sonder 'n kaas-en-wyn onthaal nie. Dit moes dus ook gereël word. Dit was nou wel 'n "kaas-en-druiwesap" maar 'n onthaal bly 'n onthaal. Met die hulp en bystand van Mev. Rhoodie, Mev. Bouwer en die ouers het alles op hierdie gebied sommer baie vlot verloop.

Dit was toe ook nie die enigste gebied waarop dinge vlot verloop het nie. Die modeparade self, Vrydagaand, 18 Mei, was 'n groot sukses! Met Deirdre Wolhuter as ons "compére" en Annari Harley wat die verwelkoming gedoen het, kan dit ook nie juis anders nie.


Die modelle wat die klere vertoon het, was ook van ons eie matrieks: Tanja v.d. Westhuizen; Estelle van Ryneveld; Grietjie Meyer; Marina Hayes; Alba Stols; Leandra Wiid en Louise Earle. Vir almal wat met die aan- en uittrekkery agter die verhoog gehelp het — Baie dankie!

Vir almal wat 'n bydrae gemaak het tot die groot sukses van die aand, wil ons net sê nogmaals "Baie dankie". En dan ook, laaste, maar definitief nie die minste nie, aan Juffrou van Aardt vir al haar vriendelike hulp, raad, geduld en bystand. Dit was 'n wonderlike aand wat niemand van ons gou sal vergeet nie.

## Ek sê, ek sê. . .

1. Mej. Holtzhausen: *"Môre miesies, môre dogters, hoe lyk die skoene?"*
2. Mej. Craus: *"Party van julle se punte neig nou al na die breuk toe."*
3. Mev. Bierman: *"Heaven ladies, you are terribly late."*
4. Mev. Pienaar: *"Kind, ek is só kwaad, ek weet eerlikwaar nie wat om te sê nie."*
5. Mej. du Plooy: *"Dit is interessant, het julle gehoor wat sy vra?"*
6. Mev. van den Heever: *"Afrikaans is nie sommer 'n hier-jy taal nie, dit kom nie van die Hottentotte nie."*
7. Mev. van der Schyf: *"Ene vriend Bohr, het die nonsens kwyt geraak dat. . ."*
8. Mej. Visser: *"Drie periodes vir les 1; Ons gaan nooit klaar kry nie."*

### *Totsiens*



Mej. Holtzhausen vertrek na Europa vir 'n vakansie en mej. Crous verlaat die koshuis om in haar eie huis te gaan woon.

# Ontvoering — *die ware feite*

OP 25 Mei word die Meisieskool se drie hoofprefekte, Elsa (hoofprefek), Tertia en Mimi (onderhoofprefekte) op geheimsinnige wyse ontvoer.

Voor die skool begin het, het 'n paar seuns in jasse op die verhoog verskyn en vir Elsa probeer gryp. Juffrou Swanepoel het tot haar redding gekom toe sy die seuns beveel het om die verhoog te verlaat. Tydens die saalverrigtinge het 'n ander groep seuns egter die drie meisies kom vang en ontvoer.

Volgens 'n betroubare bron is die drie op 'n bakkie tot in die Seunskool se vierkant vervoer. Daarna het 'n "fotosessie" gevolg. Die meisies is op 'n besigtigingstoer deur die skool geneem. Heelwat later het die leier van die bende, Faan Barnard, hulle aan die hoof mnr. Roesch gaan voorstel. Hier het hulle gekla oor swak behandeling en mnr. Roesch het toe maar vir hulle "fudge" aangebied.

Juffrou Holtzhausen het bekommerd laat weet dat 'n losprys van R80 gereed is. Die seuns het die meisies tot by die voordeur van die skool begelei en slegs 'n losprys van 60c ontvang.

*Mimi, Elsa en Tertia by hul galante ontvoerders.*



# Ma, Ek kan nie help nie, dis Eksamen!

*Luister fluister die wind deur die bome, daar is 'n eksamen aan't kome!!!*

VIR die normale Affie is eksamentyd 'n fees! Dit is die tyd wanneer jy jou kamer aan die kant maak ('n mens kan tog nie in 'n deurmekaar kamer leer nie). Dit is ook die tyd waarin jy 'n rooster opstel en dit verander en weer eens verander . . . Eksamentyd kry 'n mens ook nie huiswerk nie — dan het 'n mens mos baie baie tyd vir jouself.

**Toetse**
Maar, en daar moet altyd 'n maar wees, daar is, ongelukkiug, onderwysers wat hierdie heerlike tyd bederf. Ek moet sê, hulle doen dit baie goed. Weke voor die eksamen word al die werk hersien. In hierdie proses word huiswerk in tonnemaat uitgedeel, daar word ook "vriendelik" vuur onder jou gemaak, om jou aan te moedig, toetse word geskryf en daar word gereeld op jou geskree sodat jou ore na die eksamen nog steeds tuit. 'n Mens moet kwansuis bekommerd raak.

**Werk**
Daar word beweer dat 'n mens nie in die eksamen hoef te leer nie, veral as 'n mens voor die eksamen jou werk doen. Ek weet egter nie van 'n enkele mens wat só werk nie. Daarom raai ek elkeen aan om te werk, in die besonder die matrieks wat dit vir die voorlaaste keer doen.





**SHE** BOUTIQUE
*Sanlamsentrum 17 Sanlam Centre*
*Pretoriusstr. Pretoria 0002. Tel.: 21-9098*

**Kinky Scissors Tel.: 3231880/218400**
*Spesiale aanbod aan die matrieks vir die groot afskeid*

Gratis droogblaas en sny . . . . . R11,00
Net droogblaas en set . . . . . R 8,50
Perm, sny en droogblaas . . . . . R38,75
Sonstrepe en droogblaas . . . . . R28,50


*Bespreek vroegtydig by **tel. 3231880/218400.***

*Eendag lank, lank gelede was daar skeppinge met die romantiek van Victoriaanse style, die sjarme van Franse kant en die volmaaktheid van Italiaanse kleure. Hierdie sprokie het vandag waar geword by **SHE boutique**, Sanlamsentrum, Pretoria waar 'n gekwalifiseerde mode-ontwerpster enige idees verwerk tot 'n unieke skepping wat jou na jou asem sal laat snak en terselfdertyd jou sak sal pas.*

# MATRIEK '84!!

## Goeie nuus aan alle matrieks!

MATRIEKS, besef julle ooit hoe 'n kort tydjie van vroeg opstaan, laat gaan slaap, vervelige skeinat periodes en onverstaanbare ekstra wiskunde klasse julle nog oor het? Nie?!! Nou ja, ruk jou reg en kom op hoogte van sake!



*Ek ís op hoogte van sake.*

Tot en met 12 Julie is daar nog 5 skooldae van dié termyn oor. Na die vakansie is daar nog 38 dae oor tot die Afskeid. Dan bly nog 5 dae oor vóór die Oktober vakansie en 5 dae ná die vakansie en dan is dit eksamen!

Tel gou op en as jou ou kop nie meer so lekker wil werk, kry die sakrekenaar uit of as dié se battery pap is, grawe jou Gr. i abakus uit (tone of vingers sal ook help!)

Kry jy ook 'n getal van slegs 50 dae? Nie?!! Toemaar, jou abakus is seker gedaan. Ek belowe jou dit ís so. So stel of die ekstra wiskunde-en skeinat klasse en begin onmiddellik jou danspassies verbeter. Onthou, die matriekafskeid is om die draai. Begin solank soek vir 'n droomrok, droomskoene, 'n droomman. . . maar onthou, geniet dit, jy is net éénmaal in matriek!




*Jy maak my mos jaloers op daardie pragtige kuif. Kyk myne!*

### Matriek Top 20

Searching . . . . . . . . . . . . . . . Renske
If you wanna be rich. . . . . Denton
You might think I'm crazy. . . Stella
Doctor, Doctor . . . . . . . . . . . Mark
Holding out for (another) hero . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Ezzette
Robert De Nero's waiting. . . Addie
I wanna break free . . . . . . . . Marna
Red, Red wine . . . . . . . . . . . . Tobie
JUMP! . . . . . . . . . . . . . . . . . . Istelle
Hello, is it we you're looking for? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Heyns
Islands in the stream . . . . . . . . . . . Nita & Butchie
Hopping Song . . . . . . . . . . . . Sonja
Girls, just wanna have fun. . Louise
Footloose . . . . . . . . . . . . . . . . Papie

## *Disco . . .*



*Jan-Laurens Bekker en Andre de Wet.*

I went to the disco, *searching — lookin' for love,* inside it felt like *somebody was watchin'* me and this guy came up to me, put his hand on my shoulder and said: *"Do you wanna dance".* I said: *"'My oh my!"* He asked: *"Don't you need somebody to love?"* I replied: *"I'm holdin' out for a hero."* He answered: *"It's a Shame."* He told me to *relax* and said I had to go outside with him. A little voice in my head warned me: *run, run away!* It felt like a *dream* as I followed him outside. The fresh air brought me back to reality for I had been *comfortably numb* and *talking in my sleep.* When he started *calling all boys,* I played *footloose* and - *jumped* out of his way. He said to me: *"Your love is king."* I didn't want to listen any more and cried: *"Doctor, doctor!* Help me get that man!" He asked: "I thought you were *boy crazy?"* I had a hard time trying to get that out of his mind — *I don't go to the disco any more.*



*Om in matriek te wees is om altyd te dink.*

### Om in MATRIEK te wees is om:

— nooit huiswerk uit te stel na môre toe, as dit nie moontlik uitgestel kon word na oormôre nie;
— nie balke te saag in die klasse nie, want jy steur diegene wat slaap;
— op te let, behalwe as jy nie verstaan nie, of verlief is;
— verkieslik voor te sit, want die onnie staan agter;
— te leer vir alle toetse, behalwe Skei-nat;
— om ingedagte jou kop met jou pinkie te krap en sodoende jou enigste lang nael te breek;
— om gou jou wiskunde in registerperiode af te rammel en dan die enigste een te wees wat alles gedoen het;
— die bottel rooi naellak teen jou muur te gooi, uit frustrasie, en dan maar die hele muur rooi te verf;
— te sien hoe die ou van wie jy hou, vir jou waai met die hand waarmee hy sy meise s'n vashou;
— om 'n volle 10 te wees en soms te LEWE!

*Koshuis Vleisbraai:*

## Waar 'n rokie is, is 'n vuurtjie

**EETFEES!**

Dinsdagaand, 29 Mei, het daar 'n feestelike stemming in Huis Frank le Roux geheers. Daar is besluit om dié aand 'n vleisbraai te hou, 'n unieke manier om die langnaweek te begin.

**Die voor-eters**

Aangesien die ouer manne weet hóé, het die matrieks die vleis gebraai. Die "kenners" het hul slag gewys alhoewel sekere mense, onder andere veral 'n sekere persoon, nogal 'n klip, die manne weer baie probleme gegee het. Daar is ook 'n geval waar wors verduister is. Dit was veral S.W. se arm wat deurentyd geswaai is (seker om die wors koud te kry).

**Paplekker**

Die Koshuismatrones het ook hul bydrae tot die fees gemaak — 'n pot pap wat genoeg was om 'n hele honger kommando te voed. Dáár was ook heerlike slaaie en sous vir die pap. Die "wolwe" was ook baie dank verskuldig aan Boerstra vir die lewering van heerlike, vars broodrolletjies.

**Die luislang en die klip**

Daar was ook sekeres wat vir die komiese/vermaaklike sy gesorg het — Zoll oortref homself. Dit was verbasend om sekere tipe klippe se reaksies waar te neem as hul met 'n meter en 'n half lange luislang gekonfronteer word. Laastens maar nie die minste nie, het 'n Muis, Andre de Wet, vir die musikale sy van die fees gesorg.



*Madrie en Charmara.*

## Ons eie Dawid en Jonatan

Dis nou al lank wat ek, as onbekende Affie van my waarnemings hier in Affieland met ander wil deel. Daarom wil ek aan julle ons eie Dawid en Jonatan voorstel. . . naamlik Madri en Charmara. Hulle twee, is soos uit die foto blyk boesemvriendinne en onafskeidbaar. Hulle is albei in Affies, albei in matriek, in dieselfde klas en ook albei prefekte. Boonop speel hulle albei ook nog netbal en is albei. . . verlief. . . (gelukkig nie op dieselfde ou nie). Ek kan my altyd verkyk aan dié twee wat so 'n spesiale vriendskap het en wat elkeen op haar eie manier, en dan nog saam ook. . . só besonders is. Voorwaar 'n "Affie-maatjie-paartjie" om op trots te wees.

## Some American Impressions of SOUTH AFRICA

I ARRIVED in South Africa in January. My first adjustments consisted of getting used to a lot more heat, and those extremely hard G's.

The heat shock was due to my leaving my hometown of Grand Rapids, Michigan under 2 feet of snow and temperatures that plunged down to a really cozy — 20°C, and popping in upon Pretoria, my hometown-to-be for the next 12 months, as it fried under that famous sizzling African sun.

The hard G's I got in a nice heavy dose as I came to live with an Afrikaans-speaking family and to attend an Afrikaans school. Unlike many of my fellow exhange students (the majority of whom were bound for English homes and schools), I **did** know of the existence in the world of the Afrikaans language. Nevertheless, that was not much help in gaining coordination over my tongue as it stumbled helplessly over such killer "G" words as "Goeie môre" and "aangename kennis."

**DANKIE**

I still recall my first day at school, when my Afrikaans vocabulary extended to three big words: "totsiens", "dankie" (no G's!), and the great trick up my sleeve "aangename kennis!" I was taken to be introduced to the headmistress. This was an elaborate process — which I did not quite understand, coming from a much more casual American school. (Although not quite as "casual" as the escapades in such movies about American high school as "Risky Business", "Class", and "Class of 1984" — about which I was passed the question many times upon my arrival, "Are American schools **really** like that??").

**AFRIKAANS**

I walked into her office and tried a proper South African greeting of, "Aangename kennis." it would have been quite impressive to me — mastering such a phrase after two days in the country — save for the fact that I had to try it three times before it came out half-way correct!

**G's**

Now, five months have passed since that day. I have adjusted just fine to the heat — mainly because the weather did me a favor by changing seasons from summer to winter. Those hard G's are much less formidable also. I graduated from "G" words up to "GR" words: gras groen etc. Now I can pronounce (almost!) anything. The big trick is whether I know what the meanings of my well-pronounced words are.

All in all, I have found South African life quite interesting. Five months has allowed me to realize some of the major differences between South African and American life, as well as some of the more subtle ones. It is still to be seen what changes the next seven months will bring.


Vir die matriekafskeidsrok
of partytjie
of spesiale geleentheid
kom na *Dolle Uppe.*

Ons ontwerp en maak
U spesiale uitrusting eksklusief vir U



Dolle Uppe
Shop 21
Sanlam Centre/Sentrum
Pretoria 0002
Tel. 26-2762




*Ek wens daar was . . .*




*Oeps. . . eina!*




*The return of the Pink Panther*



*Hulle werk met die tasse se galle!*




*Dit spook by Chuck.*




*Heil die wit golf*



*Prins ploeg vore met Parkies*




Die lekker ou dae . . .




Skelm eet, is lekker eet!



Ai tog, die AFFIES



MAAA!!




Moenie die pap te dik aanmaak nie.



So werk 'n wenner!



Kemp in sy gunstelling posisie



Vat so . . .

# AFFIES SE NUWE VLEUELKLAVIER EN SY DEBUUT

OP Maandag 4 Junie 1984 het Meisieshoër se nuwe vleuelklavier gewys dat hy sy geld werd is. Theresa Prinsloo en Elma Swanepoel, beide oud-Affies, het 'n duo uitvoering, op die ou en die nuwe klaviere, in die saal aangebied.

Die nuwe K KAWAI 6 voet vleuelklavier is aangeskaf omdat die een wat tot onlangs toe gebruik was alreeds meer as dertig jaar oud is.

Die program wat aangebied was, was keurig en goed versorg. Daar was vier werke uitgevoer waaronder die eerste die Jamaican Rumba van Arthur Benjamin was. DIe werk is 'n oorspronklike komposisie vir twee klaviere, maar word ook in verwerkte vorm deur orkeste gespeel. Tema en Variasies op 'n tema van Beethoven van Camille Saint-Saëns het gevolg. Dit is 'n grootse werk en vereis van die twee pianiste 'n absolute eenheid. Die tema is só tussen die twee klavierpartye verdeel dat as die een painis alleen sou speel haar bydrae geensins sinvol sou wees nie. Die twee partye is totaal afhanklik van mekaar om die tema bekend te stel. Die werk vereis 'n hoë mate van tegniese vaardigheid wat 'n uitdaging vir enige pianis is. Tema en Variasie van Haydn soos verwerk deur Brahms was derde op die lys. Dié werk se tema staan ook bekend as die St. Antoni Koraal. Vir die werk word 'n hoë mate van musikale volwassenheid en tegniese vaardigheid vereis van die pianis. Dit is voorwaar 'n musikale belewenis. Die program is afgesluit met "Brazleira". Dié Brazleira is die 3e deel uit die Suite "Scaramouche" van Milhaud en is 'n opgewekte werk.

Graag bedank die Affies vir mevv. Elma Swanepoel en Theresa Prinsloo vir hul indrukwekkende duo-uitvoering.

## Buys in Aksie



*Marinus Buys:*

## Affie neem deel aan DJ-kompetisie

'n Landwye DJ-kompetisie het afgespring met 'n Noord-Transvaalse uitdun waar 30 platejoggies hul slag gewys het. Marinus Buys wat as amateur ingeskryf het, is na verskeie uitdunne as een van die vyf finaliste gekies.

Op 7 Junie is die Noord-Transvaal uitdunne by Jacqueline's in die Sanlamsentrum gehou.

Elke platejoggie het 'n vrye keuse gehad om sy vertoning te lewer. Die volgende is beoordeel: die meng van plate, die beligtingseffekte wat verkry word; die musiekkeuse; die aanbieding en selfvertroue van die platejoggie asook die reaksie wat van die publiek ontlok word.

Rinus word as naas-wenner aangewys en ontvang sy Noord-Transvaal kleure. Hy onderskei hom as 'n baie goeie platejoggie veral as die feit dat hy dié jongste deelnemer en die enigste amateur was, in ag geneem word.

Die Stroom-op redaksie wens hom geluk en hoop van harte dat hy sy ideaal om voort te gaan met sy stokperdjie en dié wenner te word, sal verwesenlik.




*Ma! Ma! Ek wou op Meneer se skoot gaan sit, maar ons kan dit nie kry nie.*

## GRAPPE!

*Vraag:*
*"Hoe kry 'n mens vier olifante in 'n mini?"*
*— Twee voor en twee agter.*

*Vraag:*
*"Hoe weet 'n mens as vier olifante 'n bank beroof?"*
*— Die mini staan buite.*

*Vraag:*
*"Waarom was daar net drieduisend (3 000) Zoeloes by Bloedrivier?"*
*— Hulle het net twee (2) Valiants gehad.*

*Vraag:*
*"Wat noem mens 'n nie-blanke wat 'n Porsche ry?"*
*— 'n Dief.*

*Vraag:*
*"Waar bêre mnr. Van Huysteen sy yskas?"*
*— Onder sy bottel Cremora.*

*Mnr. van As — "Meneer waarvan word 'n glasoog gemaak?"*
*Mnr. Booysen — "Nee, ek weet nie. Ek gee op, sê my."*
*Mnr. van As — "Dit word van glas gemaak!"*
*Mnr. Booysen — "O! Dis reg. Anders sou jy nie daardeur kon sien nie!"*

*Hoekom moet jy nie Dinsdae en Donderdag op Affies se atletiekbaan loop nie?*
*Die meisies oefen stormlope. (Naellope)*

# Affies vind meer uit omtrent die 'Vliegkuns'

MAANDAG, 4 Junie, het 36 standerd 9-Affies gereed gestaan vir 'n besoek aan die S.A.L. Die Wiskunde-leerlinge sou 'n hele dag by die S.A.L. deurbring om 'n bietjie meer van die moderne vliegkuns te wete te kom.

**Sardientjies**

Nadat almal hul toestemmingsbriewe ingehandig het en langs hul name geteken het, het hul vertrek. Mnre. Myburgh en Oost het die bussies bestuur en die Affies moes maar styf sit om in te pas.

**Vliegkuns**


Omrede sekuriteits redes moes elke leerling 'n besoekerskaartjie ontvang wat hom toegang tot die plek gegee het. Kaptein Adelaar, het as gids opgetree en die hul meer omtrent die werking en doel van 'n vliegtuig ingelig. 'n Boeiing 747 se vlugnabootser is van nader by bekyk en vir die manne wat wou, kon ook 'n bietjie die stuur in die hand neem soos "Boepie" ook die voorbeeld gestel het. 'n Besoek aan die werkswinkel het ook baie belangstelling gewek. Daar kon gesien word hoe die lug reuse aan die gang gehou word.

**Altyd honger Affies**

Hierna het een van die algemene snoepwinkels baie sleg onder die altyd-honger Affies deurgeloop. Die dag is afgerond met 'n lesing oor die toepassing van driehoeksmeting by vlugroetes.

Nog 'n interessante, opwindende en leersame dag was iets van die verlede en met 'n groot dankbaarheid vir die voorreg om Wiskunde te neem, het Affies huiswaarts gekeer.

## VLOOIMARK



Volop vlooie
teen die laagste
pryse

*'n Rollende Resep vir Vlooi Vang:*
*("R" en "V" alliterasie vergroot vangste).*
*Benodighede:*
*1. Een matriek das*
*2. Een groen en bruin check baadjie*
*3. Een blou Toyota bakkie*
*Gaan so te werk:*
*1. Maak 'n b__l-grap voorskool oor die Matriek das. 2. Hoop dat baie mense vlooie skenk. 3. Laat die vlooie dan op die groen en bruin check baadjie spring. 4. Klim in die Toyota bakkie en gaan verkoop die vlooie op die naaste vlooimark.*

*AFFIES-KERMIS*

## *Musiekfees in die staatsteater*

GEDURENDE 14 en 19 Mei het die Transvaalse Onderwysdepartement 'n musiekfees in die Staatsteater aangebied. Die week is op 'n hoogtepunt afgesluit toe verskeie persone vereer is vir hul groot bydraes wat in die onderwys gelewer is.

Die eerste drie dae het verskeie laerskole van Transvaal deelgeneem. Die aande is telkens afgesluit met 'n gesamentlike uitvoering van die Noord-Transvaalse Jeugorkes en 'n massakoor. Die hoërskoolkore het van die Donderdag tot die Saterdag saam met die T.O.D.-Jeugorkes opgetree.

Behalwe vir die puik koor van die Meisieskool het verskeie van ons leerlinge aan die musiekfees deelgeneem. Ons hoof, mnr. Roesch, het met die administratiewe reëlings gehelp en van die personeel het met die uitdeel van die publikasies wat vrygestel is, gehelp.


Die musiekfees, wat 'n onverbeterlike sukses was, is moontlik gemaak deur die puik organisasie. As 'n jaarlikse instelling kan ons gewaardeerde kultuur skerp onder die aandag van ons jeug gebring word.

# Affies en die Provinsiale Raad

Affies is ook oral. Die besoek van die prefekte (seuns en meisies) aan die Provinsiale Raad, het dit weer eens beklemtoon — noem 'n plek, en 'n Affie is daar.

Twee van die lede van die Uitvoerende Komitee is oud-Affies. Soos dit ook somtyds van Affies verwag word om ander skole of persone stil te maak, doen hierdie twee menere dit ook getrou aan die tradisie. Dit wil gedoen word.

Die besoek het geskied op uitnodiging van oud-Affies. Ons is rondgeneem deur die Ou Raadsaal waar die sittings gehou word. Baie van ons verkeer onder die verkeerde indruk wat wette van die land aan betref. Die ordonansies van die Provinsiale Raad het meestal meer betrekking op ons daaglikse doen en late. Snelheidsboetes, skoolvakansies en hospitaalfooie word direk deur hulle goedgekeer. Soos die parlement oor die hele land regeer, so regeer of beheer die Provinsiale Raad net oor die provinsie. Ons besoek is afgesluit met verversings in 'n ontmoeting met die Administrateur, mnr. Willem Cruywagen.


DOLPHIN
OPVOEDKUNDIGE SPEELGOED
Waterglen Park Sentrum
Nr. 20A — Tel. 984751

# Sportgimnasium – Afrikaanse Hoër Seunskool

**MNR. GERRIT MARE, 'n oud-Affie, het ingewillig om dit te organiseer en te moderniseer. Hy was voorheen 'n Wetenskaponderwyser en vise-hoof en is tans voorsitter van die SA Gimnasium Eienaarsfederasie en fiksheidskonsultant by Legima Motorkorporasie. In Pretoria is hy veral bekend vir sy oefensentrums en gimnasiums. Tans is die oefentye in die gimnasium as volg:**

Maandag tot Donderdag:
14h00 tot 19h00
Vrydag:
14h00 tot 18h00
Saterdag:
08h00 tot 10h00

Daar word van 'n fotosisteem gebruikgemaak om oefeninge bekend te stel. Sportprogramme vir elke sportsoort maak oefensessies interessant en aangenaam.

**Wie kan deelneem**

Elke Affie kwalifiseer om lid te word (meisies inkluis). Sportmanne kry oefenreekse spesifiek vir spesialisasie. Alle oud-Affies, ouers en dogters wat Affieverbintenisse het, is welkom om in ons eie sentrum te kom oefen.

**Dissipline**

Die dissipline is baie streng en lede wat ernstig wil oefen, word nie gesteur nie. Musiek word deurgaans gespeel om 'n ontspanne atmosfeer te skep.


**Lidmaatskap**

Die billike fooi-struktuur is verantwoordelik vir die onderhoud, betaling van instrukteurs en vir die vervanging van apparaat wat onklaar raak.

**Gesinsfiksheidsjaar 1984**

Mnr. Roesch en sy personeel moet gelukgewens word met die inisiatief van so 'n poging om Gesinsfiksheid te bevorder. Alle leerlinge in die skool word die geleentheid gegee om hulleself fisies weerbaar te maak.

*Gerrit Mare*
*Organiseerder*



*Lyk Gim-manne so??*

# Arnoldus Pannevis – vasvrawedstryd

ARNOLDUS PANNEVIS is in 1838 gebore en honderd jaar later oorlede. Pannevis was die eerste kampvegter vir Afrikaans en het 'n reuse bydrae gelewer tot die vestiging van Afrikaans as 'n eie taal en kultuur.

Op 5 Junie 1984 is die Pannevis-vasvrawedstryd by die Hoërskool Silverton gehou. Die AKPOL-organisasie wat hulle beywer vir die uitbou van die Afrikaanse kultuur, het die aand gereël. Professor P.G. Nel van die Universiteit van Pretoria het by die geleentheid 'n treffende toespraak gelewer oor Pannevis en afgesluit deur te sê: "Die jeug het 'n taak om sy kultuur en sy taal steeds uit te bou — die jeug teenwoordig by die Pannevis-vasvrawedstryd is besig om dié taak te verrig.

'n Mens het weer onder die besef van die grootsheid van ons taal en kultuur gekom en ook besef dat dit 'n geweldige stryd vir ons voorgeslagte was om Afrikaans te vestig. Dit moet in ag geneem word by ons optrede rakende die Afrikaanse Taal en Kultuur.

Buiten die inspirerende toespraak deur prof. Nel, was daar ook verskeie unisersiteitsitems en twee kore wat hul stempel op die aand afgedruk het. Die vasvrawedstryd se uitslag het weer eens spannend verloop en vanjaar het die Hoërskool Pretoria-Wes met die louere weggestap. Die span van Affies het nou wel nie tussen die eerste drie spanne geëindig nie, maar hulle is dit eens dat die aand van groot kulturele waarde was.

Arnoldus Pannevis sal altyd 'n ereplek in die Afrikaanse Taal- en Kultuurgeskiedenis hê.

# Modeparade vs. Rugby op Seunshoër se rugbyveld

SATERDAG is weer rugbydag. Rugbydag??!! Wat wou — nie by Affies nie. Wat die meisies tog nie alles in so 'n dag kan sit nie. Dit is optof in die hoogste mode (mooiste mode), en wie trek nou twee maal dieselfde uitrusting aan? Dit is nie eers dat die modes die dag juis ophelder nie, aangesien begrafniskleure aan die orde van die dag is, en weë die een wat verlede se romp of trui aantrek!

Nee wat, meisies! Laat rugby weer rugby word, en wees modelle op modeparades.


LE SPORT
POSBUS 1063
GARSFONTEIN 0042
TEL. 98-4851

AFFIES!
Kry julle sportklere,
slentedrag, gholfklere
en baie mooi tennisklere
by . . .
LE SPORT


## In Memoriam


*ILSE HESSE is op 11 Mei in 'n motorongeluk op pad na Bloemfontein oorlede.*

*As gelowige het Ilse haar lewensvreugde en sprankel gekoppel aan 'n besondere verantwoordelikheidsin en beginselvastheid. Vol idealisme, was sy ook realisties en het sy haar perke besef.*

*Ilse het ons skool op verskeie gebiede gedien. Sy was byvoorbeeld prefek in st. 9 en 10, sy het op die bestuur van die Duitse klub gedien, sy was huiskapteine en sy het in die skoolspan geswem. Dat sy 'n pligsgetroue skolier was, word weerspieël in die 4 onderskeidings wat sy in matriek behaal het. Ilse het naas haar skoolwerk ook tyd gevind om klere te maak vir haarself en ander, en om handwerk te doen. Tydens die onlangse kunsuitstalling by die skool, het sy saam met professionele kunstenaars uitgestal.*

*Deur haar lewe het Ilse ons geleer om in dankbaarheid teenoor die Skepper elke oomblik te benut en dit in verantwoordelikheid te geniet.*

*Hiermee betuig die skool hulde aan 'n pragtige oud-Affie en dra ons meegevoel oor aan haar dierbares.*



# Schoemansdal laat leiers ontluik

DONDERDAGOGGEND 5 April om 06h35 het vyf opgewonde Affies vanaf Bondstraat na die leierskursus by Schoemansdal vertrek.

Met ons verwelkoming is al die matrieks ingelig dat ons die week proefkonyne sou wees. Ons moes leiers wees vir die st. 6e en gou het ons onsself ingedeel in groepe: 3 matrieks en 6 St. 6e. Na die groot uitsorteer, name opskryf en geld insamel is ons na koshuise waar ons sou bly.

Na 'n smaaklike aandete het ons saamgesing en 'n pragtige skyfiereeks oor die Skepping is aan ons vertoon. Met die roetemars later die aand het almal naarstiglik rooi en geel klippe gesoek wat die roete kamp toe aangedui het.

Vrydag begin ons met bewuswording in die veld en die voëlgesang het almal rustig gestem. Na vlagparade het die matrieks 'n lesing oor probleem-oplossing in jou groep en kritiese denke bygewoon. Die saamwerkbaan later was ook die eerste geleentheid waar groepsamewerking getoets is. Na middagete doen ons 'n letteriabaan wat baie kopkrap en beplanning vereis het. Snoepietyd die middag was amper die dag se hoogtepunt. Die nagmars met kompasse het menige groepe heerlik laat verdwaal. Na die opwinding het ons die avontuurbaan aangedurf waar klokkies "landmyne" was en in party groepe het almal op die klokkies getrap. Terug by die kamp doen die matrieks programevaluering, leieren groepevaluering en só het ons elke dag afgesluit. Op Saterdag se program was die stap berg-op met swaar rugsakke, die stigting van basisse, 'n braaivleis en 'n kampaanval.

Saterdag staan ons 06h30 op. Na vlagparade en ontbyt is daar 'n erediens wat die vorm van 'n bespreking aanneem. Elke groep moes hier na 'n speletjie uitdink van ons daaglikse kreatiewe denke. Die gedagte aan 'n stort was baie welkom, maar die vraag op almal se lippe was: "Waar is die storte?" Na 'n kort uitstappie in die veld kom ons by 'n dam uit waar water aangelê is vanaf 'n fontein uit die berge. Van koue water, het ons al gehoor, maar niks is kouer as so 'n stort wanneer die son al onder is en 'n windjie waai nie!

Maandag was weer eens 'n dag vol verrassings soos ons later sou leer! Die hindernisbaan was opwindend en ons was lekker vuil totdat ons deur tonnels geseil het en aan toue geswaai het. Die middag stap ons na die Bosleydam waar vlotte bou op ons gewag het. Dit het verval, want nadat almal tent opgeslaan het en vleis gebraai het, bet dit begin reën! Na omtrent twee uur se reën was almal en alles sopnat en wanneer sewe nat siele in 'n tweemantent sit, kan jy nie veel slaap verwag nie.

Dinsdagoggend was dit bewolk en koud! Gelukkig besluit die personeel dit sal beter wees om basis toe te stap. Terug by die basis het ons die res van die middag vry. Woendagaand begin ons Trukopvoerings by die kampvuur en almal skaterlag.


WONDERPLANT
(EDMS) BPK.
POSBUS 71628, THE WILLOWS 0041
LYNWOOD ROAD
WILLOWS
TEL: 87-1004/&)-24446
Leon Strydom


# Mannekoor vaar goed in kompetisies

**VANJAAR het Affies 'n besondere koor gestig — 'n koor bestaande uit basse, baritons en twee tenoorgroepe.**

Met 'n suksesvolle kompetisieseisoen agter die rug, het die koor hierdie termyn met vroliker musiek begin. Die genot wat koorsing kan bied, word voluit beleef.

Die koorlede doen 'n beroep op die Affies om by die koor aan tes luit om sodoende ook aan die stedelike kultuur wat Affies jou bied, deel te hê.

Langs hierdie weg word mev. Rika Smith bedank vir haar toegewydheid en sterkte vir volgende optredes toegewens.

● Hierdie koor het hulle reeds goed van hulle taak gekwyt. Daar is met groot sukses aan die applous koorkompetisie, die Administrateurs kompetisie asook die Kunswedstryd deelgeneem. Drie van die manne het dan ook die skool by die Noord-Transvaalse jeugkoor verteenwoordig nl. Wessle du Plessis, Johannesburg Myburgh en Andries v.d. Walt.

*Hoekom word 'n span bergklimmers aan een tou vasgemaak?*
*Sodat die banges nie kan huis toe gaan nie.*

# Koor oes net roem in!

ONS Koor '84 is weer besig om 'n pad oop te sing na een van die top kore in die land!

Op 12 Mei het ons die eerste uitdun van Applous, in die Noord-Transvaalstreek gewen en daardeur na die semi-finaal (die Transvaalse streek) deurgedring.

Vroegmiddag van 8 Junie het ons na die College of Education in Johannesburg vertrek om as vere vir die groot aand reg te skud. Die pragtige Linder-Ouditorium was vir ons 'n inspirasie om meer as ons beste te lewer. Met al die hulp en afrigting van Mev. Krüger het ons weer eens as wenners uit die stryd getree. nou vir die finaal — 7 Julie in die Aula. Die ander skole wat deelneem is: Hoërskool Port natal van Natal, Hoërskool J.B.M. Hertzog van O.V.S., Hoërskool D.F. Malan van die Kaap en Hoërskool Windhoek van S.W.A.

Applous is nie al waartoe ons in staat is nie! Die finaal van die Administrateurstrofee vind op 29 Junie in Johannesburg plaas. Alle Affie ondersteuning sal opreg waardeer word! (Ook op 7 Julie in die Aula!).

*Ute Robbertse — 9E*

# Affies woon Hokkiekursus te Potchefstroom by

MAANDAGMIDDAG, 9 April 1984, het elf hokkiespeelsters om 2 uur van die skool af na Potchefstroom vertrek waar ons 'n hokkiekursus bygewoon het. Ons het in die seunskoshuis Brandwag tuisgegaan. Dinsdagoggend het ons dou voor dag almal by mekaar gekom en na 'n interessante lesing van Clair Nicholson, springbok doelwagter, geluister. Dié middag het ons minihokkie teen Kemptonpark Hoër gespeel. Na 'n opwindende sessie binnemuurse hokkie was ons baie moeg, en het dadelik gaan slaap. Woensdagoggend is ons weer vroeg uit die vere gejaag. Nadat Eda Cohen, drie dubbele springbok (krieket, basketbal en hokkie), ons meer van die fynere kunsies van hokkie geleer het, het ons dit probeer bemeester. Die middag het ons Elsburg met 'n skitterende 1-0 gewen!

**Vermaak**

Mej. Meyer het ons die aand met 'n besigtigings toer deur Potchefstroom vermaak. Donderdagoggend het ons na 'n interessante en leersame praatjie van die oud Hollandse hokkiespeler en tans afrigter, geluister. Die middag het ons weer eens vir CR Swart 0-0 geklop! Die aand het al ons akteursvernuf na vore gekom toe ons aan 'n "briljante" verskeidenheidskonsert deelgeneem het. Daarna het ons die film "Man from Snowy River" gesien.

Vrydag die "13e" was dit beslis die laaste keer die vakansie wat ons 6 uur sou opstaan. Nietemin het ons Standerton met 'n skitterende 1-0 gewen. Met dié oorwinning het ons die lang pad huistoe aangedurf.

*Slaat hom!*



# Rolskaatskampioen


PATRIC FURTER en Amanda Theron het tydens die afgelope Noord-Transvaalse Rolskaats Danskompetisie wat op 9 Junie 1984 plaasgevind het, 'n eerste plek verower.

**Oefening:**

Volgens Patrick is hy alreeds vir 'n jaar met dié sport besig. Dit behels twee keer per week se oefening en gedurende kompetisie vier keer per week onder die toesig van sy afrigter, mnr. Dries Oelofsen. Patrick skryf sy sukses ook aan hierdie harde werk en toegewyde oefening toe.

**Straatmyl:**

Daar is nie net die afgelope tyd goed presteer in die Dameskompetisie nie, maar Patrick het ook aan die Pretoriase Straat myl deelgeneem. Teen 'n gemiddelde spoed van 60 km/h het Patrick hom ook goed van sy taak gekwyt en 'n eerste plek verower.



*Patrick Furter.*

# SKAAK

**DIE skaakklub van 1984, onder leiding van mev. M. Saayman, het vanjaar 'n groter ledetal as nog ooit vantevore.**

Baie dankie aan die groot persentasie jong spelers — dit belowe groot prestasies in die toekoms.

Aan ons tweede span, wat sover die beste van die drie vaar, wil ons voorspoed toewens. — Die laaste drie wedstryde van die seisoen sal deurslaggewend wees.


Die jaarlikse SANDVICK Skoletoernooi lê om die draai, so ook die Lubowski kampioenskappe in die wintervakansie waar die Noord-Transvaalse span gekies sal word.

Sedert die klub afrigting begin kry by mev. Robbertse, het die gehalte van ons spel baie verbeter. Die eerstespan het vandeesweek hulle grootste oorwinning behaal deur die Hoërskool Tuine 6¹/₂-3¹/₂ te klop.

Seker die moeilikste wedstryde lê nog vir die eerstespan voor o.a. Menlopark en Die Wilgers. Ook die Interaffie wedstryd teen ons Susterskool.

Namens die komitee aan alle liefhebbers van die spel: VOORSPOED!

# Tafeltennisklub gestig



*Niël Steinman.*

GEDURENDE die afgelope termyn is tafeltennis by die reeds wye verskeidenheid sportsoorte wat by Affies aangebied word, gevoeg.

Die behoefte vir 'n tafeltennisklub was baie groot. Mnr. Malan het die leiding geneem en die drie tafels asook die nodige nette, rakette en balle is aangekoop.

Drie spanne is vir die liga ingeskryf maar daar word meer spaninskrywings vir volgende jaar in die vooruitsig gestel. Alhoewel die eerste span nie te goed in die ligawedstryde gevaar het nie, het die tweede en derde spanne puik vertonings gelewer. Dit is duidelik dat Affies oor 'n merkwaardige diepte onder die spelers beskik. Daar word gereeld smiddae geoefen en die spelers se spel verbeter geweldig vinnig.

**Spanne**

**1ste span**
Niël Steinman
Con Purchase
Streicher Botha
Werner Dillman

**2de span**
Marius Pretorius
Chris Neethling
Abraham Manser
Peet du Plessis

**3de span**
Franscois Sauer
Lourens Hamman
Wessel du Plessis
Marius Badenhorst


| | | | **Eerste span** | **Tweede span** | **Derde span** |
|---|---|---|---|---|---|
| **UITSLAE:** | Teen: | C.B.C. | 13 - 13 (gelykop) | 23 - 3 (In Affies se guns) | 19 - 10 (In Affies se guns) |
| | | John Vorster | 6 - 21 (Affies verloor) | | |
| | Vriendskaplik | N.Tvl. senior liga | 19 - 7 (Affies verloor) | 19 - 5 | 22 - 7 |

# Voorbereiding vir 1985 Atletiek

**LANDLOOP is een van die strafste en mededingendste sportsoorte wat 'n mens geestelik en liggaamlik verryk.**

**Voorbereiding**

By Affies gebruik die meeste landloopatlete hul oefening as grondslag vir die atletiekseisoen. Middelafstandatlete kan baie beter presteer as 'n goeie winterprogram getrou gevolg word en daarom is die landloop 'n voorbereiding vir die 1985 atletiekseisoen. Vir sommige atlete is landloop egter hul primêre sportsoort omdat hulle beter oor die langer afstande vaar a.g.v. die eise wat die landloop stel.



*V.l.n.r. Mnr. P. Swanepoel (afrigter), S. de Beer, T. Adelaar en Q. Blake.*

**Genoegdoening**

Die genoegdoening wat oorwinning bring — nie soseer oor ander atlete nie, maar oor jouself — dien as die nodige motivering vir die getroue oefening deur die Affielandlopers. In die vroeë wintersoggende is dit bitter moeilik om die pad aan te durf maar met die toegewyde afrigtershulp en opoffering van mnr. Piet Swanepoel en jou ideale, word die oggendoefening vergemaklik.

**Liga**

Van die ligabyeenkomste is met groot sukses afgelê o.a. op die Technikonbane, op L.C. de Villiers en by Harlequins. Die senior atlete se prestasies was tot dusver baie goed en die junior atlete verbeter steeds met elke byeenkoms.

Na afloop van die vierde byeenkoms is Tobie Adelaar en Stéphan de Beer in die Noord-Transvaalse landloopspan ingesluit om in Carltonville aan 'n inter-provinsiale byeenkoms deel te neem. Die Affies is mnr. Swanepoel groot dank verskuldig vir sy onbaatsugtige motivering en uitstekende afrigting wat hul in staat stel om hul potensiaal só te ontwikkel.

**Belangstellendes**

Alle belangstellende atlete word deur mnr. Swanepoel verwelkom aangesien daar nog heelwat leemtes is wat gevul moet word, veral by die juniors. (Die oefentye is: 06h30 en 14h15). Landloop is die afgelope jare stewig in Affies gevestig met baie hoë hoogtes wat bereik is.

**1985**

Sekere groot ideale word reeds vir 1985 in die vooruitsig gestel en as die wenresep: van toegewyde, harde en gereelde oefening uitgevoer word, kan dié Affie landlopers nie anders as om hul weer heel bo op die gewildheids- en wenleer te plaas nie.

*Die Stroom-op redaksie wens mnr. Swanepoel en sy landloopspan alles van die heel beste toe.*

# FIETSRY

RIAAN KUHN neem aan 'n internasionale byeenkoms deel.


Riaan tans 'n matriekleerling, het reeds in st. 6 begin fietsry. Sy pa wat tans sy grootste ondersteuner is, is alreeds 35 jaar in die fietsryorganisasie. Riaan is tans lid van die PCRC-klub.

Riaan onderskei homself in twee tipes wedrenne, nl. pad en baanwedrenne. Padwedrenne geskied meestal oor lang ente en 'n daaglikse voorbereidingsprogram van min of meer 70 km word gedoen. Diële speel 'n baie belangrike rol.

Baanwedrenne is baie intensiewer oefening. In die naeltritte, tydtoetse en enkel agtervolgerig speel stamina, spoed en konsentrasie 'n baie groot rol.

Hy verwerf reeds Noord-Transvaalse kleure in st. 9. Met die onlangse besoek van die oorsese span was Riaan vir sy span goud werd. Hulle behaal 'n goeie 3de plek. In die Suid-Afrikaanse Ope Kampioenskappe het Riaan 'n welverdiende 3de plek gekry.

Riaan ry met 'n Italiaanse Colnago fiets wat verkrygbaar is teen R1 200. Sy mikpunt is natuurlik Springbokkleure.



*Noord-Transvaalse fietsryer, Riaan Kuhn.*

## *Sportman van die Termyn —*
# JANSE PAPENFUS

**CORNELIS JANSE PAPENFUS is op 10 Desember 1966 in Pretoria gebore. Janse (by die Affies beter bekend as Papie) het sy laerskoolopleiding aan die Laerskool Louw Geldenhuys in Johannesburg voltooi. Hier is (reeds) die grondslag gelê vir 'n rooskleurige rugbytoekoms.**

Papie begin reeds in standerd een rugby speel toe hy vir die onder 10A-span uitdraf. Op laerskool het hy ook presteer daar toe nog as senter, vir die Johannesburgse Laerskolespan uit te draf.

In Affies blink Papie nie slegs in rugby uit nie, maar hy is ook lid van die atletiekspan. Sy liefde vir sport is groot en wanneer hy tyd kry, ontspan hy ook op die tennisbaan.


Die grootste oomblik in sy rugbyloopbaan tot dusver, was toe hy in standerd 9 die eerste keer in die Wittrui op die veld kon draf. Papie is vanjaar dan ook die agtsteman en kaptein van die eerste rugbyspan en hy is ook aangewys as kaptein van die Noord-Transvaalse Hoërskolerugbyspan — voorwaar geen geringe prestasie nie! Teen die Hoërskool Brits het Papie 'n besering opgedoen, wat hom moontlik vir 'n geruime tyd van die veld af kan hou — dit is dan ook sy grootste rugbyteleurstelling tot dusver.

Janse het nog nie aan 'n rugbyloopbaan na skool gedink nie. voor sy besering was sy ideaal om vir die Suid-Afrikaanse skolespan gekies te word, maar hy het nog nie groot toekomsideale nie. Die grootste steunpilaar en dryfveer agter Papie se rugbysukses, is volgens hom sy pa, van wie hy baie aanmoediging ontvang. Sy prestasies skryf hy toe aan harde oefening en 'n positiewe benadering tot die spel.


Papie beoog om in 1985 Rekenaarswetenskap aan die Universiteit van Pretoria te gaan studeer.

Namens al die Affies wil Stroomop die hoop uitspreek dat Papie gou weer sy verskyning op die rugbyveld maak en hom sterkte toewens met sy rugbyloopbaan in die toekoms. Affies koester hoë verwagtinge van hom.

*Stéphan de Beer*



# Affies ploeg diep in Noord-Transvaal



SOOS ons almal weet, het die "Wit-Bulle" vanjaar al diep spore (getrap) in die voetpad tot die administrateursbeker.

Daarom dan dat ses van ons eerstespan spelers gekies is om Noord-Transvaal in die A-span te verteenwoordig. Die eer het Janse Papenfus te beurt geval om dié span as kaptein op die veld te lei, ongelukkig is Janse beseer in 'n wedstryd teen Brits en moes sodoende onttrek word. Pieter Kemp is ook weens 'n besering onttrek. Die vier oorblywende spelers is: Henry Kelbrick (stut), Tobie le Cornu (skrumskakel), Mark Minnaar (flank) en S.W. Esterhuizen (senter).

Die Affies wil hierdie spelers alle sterkte toewens met die wedstryde wat volg en ons weet hulle sal die Affie-naam hoog hou.

*Colin Angelo*

# GEESBOM ONTPLOF OP NETBALBAAN

NOU JA! Dit was nog altyd so, en sal seker altyd so wees. Die A-spanne is "dié" spanne in die skool; Rugby, Tennis, Krieket, Netbal. . . noem dit maar!

Hierdie jaar is die bordjies egter verhang. Die B-spanne het die A-spanne uitgestof. Kan jy nou meer! Waar alles altyd om wén en die béste vir die skool en sy áfrigters gegaan het, gaan Netbal nou in die B-spanne spesifiek die O/15-B en Ope-B, om spangees, Daardie Bák gees wat reserwes in die span hou, en hulle 'n kans op die baan tydens 'n wedstryd gee. Die gees wat een span langs die baan vasanker terwyl hul "skermmaats" die punte probeer behaal; dit is daardie gees wat spanne op die maat van Footloose laat opwarm — Dít is bak gees.

Nou ja, almal kon nie altyd wen nie, maar as jy vandag in 'n B-span is, maak dit nie meer saak nie! Dit is Gees wat tel — die bakste bak gees — 'n gees wat jou sommer "breakdancing" in die senterkring laat doen.


*Nicolette Rose-Innes*



*Yolandi Kühn*

# TIEN GOUE RUGBY-REËLS

1. Beoefen sport om sport se ontwil, sonder eie gewin of eersug. Wees getrou aan die reëls en teenoor vriende — om sterk te wees, is om regverdig te wees.
2. Oefen toegewyd en geduldig, pligsbewus en vreugdevol; solank jy leef, is jy bewegingsvaardig.
3. Plaas al jou kragte in sport, maar laat sport 'n begeleidende melodie van jou lewe wees en **nie die totale inhoud daarvan nie.**
4. Moet nooit ingee nie, nie in oefening nie en ook nie in kompetisie nie. Onthou egter dat al die sport nie een uur se krankheid werd is nie.
5. Onttrek nooit van kompetisie nie; wys enige onregverdige voordeel ridderlik van die hand; strewe eerder na 'n skoon gewete as om verdiende applous van die skare.
6. Die sterkste opponent bly steeds jou vriend; die gas is altyd reg.
7. Wen met trots sonder hoogmoed, verloor sonder verskonings en gemompel; belangriker as wen is jou gesindheid waarmee jy wen.
8. Aanvaar die beslising aan die skeidsregter, al is hy verkeerd — niemand is sonder foute nie.
9. Die eerste gelukwensing gaan aan die wenner en die eerste dank aan die verloorder; vir jou en die span moet daar net een wens wees. Mag die beste altyd wen! Die eer en die dank kom God toe.
10. Hou jou liggaam, gees en gedagtes skoon sodat dit altyd tot eer van jouself, jou skool en jou land dien.



*Madri Schutte*

## *Sportvrou van die termyn:*
# MADRI SCHUTTE

AS 'n mens aan netbal in Affieland dink, dan dink jy dadelik aan ons voortreflike kapteine; Madri Schutte. Sy is gebore in Suidwes-Afrika in 'n klein dorpie Mariental op die vyftiende Maart 1966. Na twee jaar het hulle na Transvaal verhuis en op 'n Sendingstasie naby Pietersburg gaan woon.

Madri het haar loopbaan as netbalspeelster reeds in standerd I begin. Sy het toe in die koshuis gewoon en ook aan atletiek deelgeneem, maar haar belangstelling het maar by netbal gebly. Van standerd I af het Madri nog altyd in die A-span gespeel. In die laerskool het sy Provinsiaal vir Verre-Noord se A-span gespeel en om alles te kroon was sy nog die kapteine ook!

Sy was eers in Hoërskool Pietersburg, maar van die tweede termyn af in standerd 6 het sy by die beste skool in die land onderrig gekry! Van standerd 8 af speel sy in die eerste span. Haar grootste aanmoediging, ondersteuning en afrigting het sy van haar pa gekry. Hy het feitlik nie een wedstryd van haar misgeloop nie. Madri se pa is haar St. 6-jaar oorlede.

Madri is beslis 'n veelsydige sportvrou; sy speel ook al van standerd 8 af tennis vir die tweede span. Volgende jaar wil sy B. Comm-Bedryfsielkunde aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer en sy wil beslis ook met netbal voortgaan!

Madri se grootste ideaal is om eendag haar eie netbalspannetjie te hê en om 'n puik netbalafrigster te wees. Sterkte vir jou studies en vir die netbal, Madri!

# J.V.'s gestoomroller

**Eindtelling:** *Affie 34*
*J.V. 9*

MET 'n skitter vertoning het die Wit Bulle 5 Mei 1984 'n besondere dag gemaak. Hiermee is nie net al die nederlae teen JV's sedert 1981 gewreek nie, maar ook getoon dat dié Witspan vanjaar moeilik gaan wees!

Dié wedstryd self het bewys gelewer dat dié span weet wat 'n losskrum is, wat met goeie besit gedoen kan word, wat 'n losgemaal beteken, wat vaardigheid beteken, en bowenal wat goeie hantering beteken!

Vir rekord doeleindes het Papie 'n drie gedruk, Johny (2), Ray (1) en Speedy (1). Pottie het 14 punte met die skoen aangeteken.

Sedert 5 Mei steun die Wit Bulle steeds onoorwone voort. Mag dit so wees dat die hoogste louere na die span toe sal kom. Sterkte Bulle, — ons weet — julle verdien dit!


# Nico de Lange – Comrades Presteerder

GEDURENDE die naweek van 31 Mei 1984 het 'n matriekleerling van die Afrikaanse Hoër Seunskool 'n besondere prestasie behaal. Nico de Lange het die jongste atleet geword wat nog die Comrades marathon suksesvol voltooi het.

Hy het die plus minus 90 km tussen Durban en Pietermaritzburg in 8 uur 52 minute kafgedraf. Nico was slegs 18 jaar en vyf dae oud toe hy hierdie besondere prestasie behaal het.

Nico het aan die begin van Januarie by die Pretoria Marathon klub aangesluit. Hy het ook al 9 standaard marathonne agter die rug.

*"Geen oorwinning is groter, as die oorwinning oor jouself nie!"*



*Nico de Lange.*